COMMUNITY NEWSPAPER

# GansBerg Nuus/News

PRICE R12.00

9 Mei 2025

Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford

250ste Uitgawe



TMS BOUERS

Manny 082 675 8410

admin@tmsbouers.co.za

NHBRC NO: 3000265163

REG NO: 1999/031335/23



Since 1999

# Brand laat gesin Haweloos



BERIG OP BLADSY 2

BATTERY CORP

WE STOCK THE FOLLOWING

- ALL AUTOMOTIVE BATTERIES
- DEEP CYCLE GEL BATTERIES
- LITHIUM BATTERIES
- GOLF CAR BATTERIES
- MOTORCYCLE BATTERIES
- SOLAR PANELS
- INVERTORS

DEKRO PAINTS

- ALL MARINE PAINTS AVAILABLE AT BATTERY CORP


WWW.BATTERYCORP.CO.ZA

25 MAIN RD GANSBAAI 083 286 8040

WWW.DEKRO.CO.ZA

# MEET the team

OFFICE: 028 205 0100
Whatsapp: 066 225 4282


MICHELLE VAN ZYL
OWNER / ADVERTISING
MICHELLE@GANSBERG.CO.ZA
078 010 8286


MELISSA VAN DER MERWE
GRAPHIC DESIGNER
DESIGN@GANSBERG.CO.ZA
EDITORIAL CONTENT
INFO@GANSBERG.CO.ZA


HARDUS BOTHA
JOURNALIST
INFO2@GANSBERG.CO.ZA
082 786 0494


SASKIA VAN ZYL
ADVERTISING CONSULTANT
SASKIA@GANSBERG.CO.ZA
068 697 9945





Die huis in Kleinbaai, wat binne sowat 20 minute tot op die grond afgebrand het, met letterlik niks wat oorgebly het nie, was skokkende nuus wat op sosiale media versprei is. “Dit was 'n traumatiese voorval vir ons, maar die hartseer oor ons diere was baie erg,” vertel Chaya du Plessis, eienaar van die huis, waar sy en haar dogter, Ninke, asook haar ouers, Johan en Denice du Plessis, gewoon het. Johan het op 23 Maart 2025 'n ernstige beroerte-aanval gekry en is steeds in 'n ernstige toestand in Nature Hermanus om te herstel. “Een van die honde, Chloe, asook die African Grey papegaai, het doodgebrand, terwyl een hond uitgesit moes word en die ander een met ligte seerplekkies na BARC vir versorging geneem is.” Das en Francia van Dyk van Kleinbaai het die gesin intussen onderdak geneem.

Chaya sê sy, haar dogter en ma na Hermanus geneem en daarna alleen na Kleinbaai teruggery. “'n Vriend van die gesin, Stefan Vosloo, het my voorgekeer en vertel wat gebeur het, maar het gesê ek moet nie dadelik daarheen gaan nie, hy wou nie dat ek dit op daardie oomblik aanskou nie.” Met die ontstaan van die brand was Stefan eerste op die toneel, met die brandweer wat vinnig opgedaag het, maar niks kon gered word nie. “Ek is dankbaar dat Gans-Berg Nuus my geskakel het vir 'n persoonlike onderhoud,” het Chaya gesê. “Wanpersepsies en foutiewe inligting is op sosiale media versprei en nou kan ek die korrekte feite oordra.” Sy het bygevoeg dat hulle dankbaar is dat haar broer, De-Hann, tans by hulle is om hulle te ondersteun. Hy is van Pretoria, maar het hierheen gevlieg na sy pa se beroerte-aanval.

Gans-Berg Nuus het kort na die brand 'n 'Back a Buddy' projek vir die Du Plessis-gesin se huis wat afgebrand het, van stapel gestuur en 'n aansienlike bedrag is reeds ingesamel. Die Redaksie van Gans-Berg Nuus wil graag die gemeenskap bedank, ook namens die gesin, vir die goeie ondersteuning en donasies wat gemaak is, dit word opreg waardeer. Ons wens ook die gesin sterkte toe met hulle traumatiese ervaring en wat nou op hulle wag.

**Hardus Botha**




*Denice du Plessis, haar dogter, Chanya en dié se dogter, Ninke.*


*Johan en Denice du Plessis, voordat Johan 'n ernstige beroerte-aanval gekry het.*


*Chloe, een van die honde wat doodgebrand het.*

The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct of the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.

Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.

All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.
Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.

Press Council FAIR

*Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za*

# J&A Paneelkloppers kry nuwe eienaars




J&A
Panelbeaters
Caven: 082 342 5171
Tel: 028 384 2313
japanelbeaters@gmail.com
Insurance Approved
3 Strandlopertjie Straat,
Gansbaai, Industrial


Die bekende J&A Paneelkloppers van Jan van Tonder in die Industriële gebied, wat op 20 Februarie 2024 oorlede is, het nuwe eienaars gekry - Caven (direkteur) en sy eggenote, Jennifer (mede-eienaar) Pietersen. Die egpaar het die besigheid op 1 Maart 2025 by Jan se eggenote, Marlene van Tonder, oorgekoop en het besluit om die naam onveranderd te behou.

Caven is 'n ou bekende in die besigheid en het baie jare vir Jan gewerk en later as bestuurder waargeneem as gevolg van Jan se gesondheid. Na Jan se afsterwe, het Caven die besigheid bestuur. Marlene het besluit om die besigheid te verkoop en Caven, met sy jarelange ondervinding, en Jennifer, was die ideale kopers.

Nadat die egpaar die besigheid op 1 Maart 2025 oorgeneem het, het Caven al die personeellede vervang en met 'n nuwe struktuur en strategie begin. Caven het hom in 1990, sowat 25 jaar gelede as 'Spray Painter' gekwalifiseer, nadat hy sy ambag by Worcester Bakwerke voltooi het. “Ek is eintlik al van skooldae af by paneelklopwerk betrokke,” vertel hy.


Die egpaar is 'ou' Gansbaaiers en is aan baie gemeenskapslede bekend. “Ek en Jennifer is nie net hier om paneelklopwerk aan Gansbaai en omgewing te bied nie,” het Caven gesê. “Ons wil ook in die gemeenskap met liefdadigheidswerk, soos onder andere om by skole met verversings of kospakkies tydens spesifieke geleenthede betrokke raak.” Hierdie entoesiastiese egpaar beplan om die sukses van J&A Paneelkloppers nog verder uit te brei. “Ons hernu onder andere ook meubels, yskaste en staalwerke wat geroes is,” het Jennifer gesê. “Ons streef daarna om net die beste diens en eindprodukte te lewer.”




Caven en Jennifer van J&A Paneelkloppers kan onderskeidelik by 072 244 8986 / 082 447 3839 gekontak word. Die kantoornommer is 028 007 0283, of stuur 'n epos aan japanelbeaters@gmail.com.

**Hardus Botha**


TE KOOP
De Kelders tot Pearly Beach



Prag
LOCKSMITH
LEATHER REPAIRS
CAR KEY'S CUT & PROGRAMMED
9A LONG STREET, HERMANUS
083 660 9115

ADVERTISE HERE
CALL US
078 010 8286

Overberg Scaffold & Machine Hire
Verhuring van alle boutoerusting:
Sementmengers, Kompakteerders, Bore, Kragopwekkers, Brekers (Breakers)
Verskillende soorte Steierwerk (scaffolding)
Hoëdruk spuittoestelle vir die skoonmaak van mure en dakke.
Industriële Sirkel, Industriële Area
Gansbaai
Tel/Faks: 028 384 0189
Fanie Bothma
Sel: 083 296 2676

# Afrikaans se 100-jarige Feesviering




Op 8 Mei 2025 sal dit presies 100 jaar wees sedert Afrikaans 'n amptelike taal van Suid-Afrika geword het - vandaar die besluit om vanjaar 'n 100-jarige feesviering aan te bied. Ons praat en skryf Afrikaans al vir honderde jare, wat dus beteken dat die taal baie ouer as 100 jaar is - maar op 8 Mei 2025 vier ons ons 100ste verjaarsdag as amptelike taal. Dié veldtog, onder leiding van die Afrikaanse Taalraad (ATR) en Afrikaanse Taalmuseum en -monument (ATM), word deur 'n wye en verteenwoordigende groep Afrikaanse organisasies ondersteun.

Die organiseerders het reeds op 8 Mei 2024 met 'n jaar se plesierigheid afgeskop wat tot 8 Mei 2025 duur. Dan sal Afrikaans se 100ste verjaarsdag amptelik by die Taalmonument in die Paarl gevier word.

*Die inisiatief deur die organiseerders het die volgende doelstellings om hierdie mylpaal te gedenk:*
Ons vier die bestaan van Afrikaans as amptelike landstaal as ʼn mylpaal binne haar baie langer bestaan, as ʼn groep *mense wat lief is vir die taal*; Ons ondersteun Afrikaans as ʼn *inklusiewe taal* met ʼn diverse herkoms wat deur mense van alle rasse, etniese en kultuurgroepe gepraat en gebruik word; Ons verbind onsself tot die groei van Afrikaans en gee trots erkenning aan die bydrae wat dit tot die Suid-Afrikaanse gemeenskap maak *sonder om in politiek betrokke te raak*; Ons vier die bydraes wat *Afrikaans op talle gebiede* maak, soos die kunste, literatuur, onderwys, musiek en akademiese navorsing (om maar ʼn paar te noem).

**Verkorte agtergrond:**
Nederlandse skepe het reeds sedert 1690 by die Kaapse kus aangedoen en met die inheemse Khoi-Khoin stamme begin kommunikeer. Hulle het Hollandse woorde aangeleer - kon dit dalk reeds die begin van Afrikaanse gewees het? Khoi-Afrikaans is vanaf 1995 vir die volgende 50 jaar tot by die vestiging van die Verversingstasie aan die Kaap, gepraat.

In 1652 het Jan van Riebeeck met sowat 90 Nederlandse koloniste in die Kaap voet aan wal gesit. Hulle sou weldrae met Khoi-Afrikaans kennis maak. Gedurende die volgende sowat 3 jaar, het al hoe meer 'Afrikaans-geneigde' woorde ontstaan - dit was nie Nederlands nie, dit was Khoi-Afrikaans. Met




Maleisiese invloed wat bygekom het, is daar teen ongeveer 1700, sowat 50 jaar na Jan van Riebeeck se koms, 'n eiesoortige Nederlandse dialek ontstaan, bekend as Kaaps-Hollands of Krom-Hollands - dit word beskou as die voorfinale fase in die ontwikkeling van Afrikaans. Daarna volg veel meer oor die ontwikkeling van Afrikaans.

***Afrikaans is dus baie ouer as 100 jaar, maar op 8 Mei 1925, 100 jaar gelede, is Afrikaans amptelik, naas Engels, as een van Suid-Afrika se twee amptelike tale bekragtig en dít word vanjaar gevier.***

**Hardus Botha**









# Grusame motorongeluk eis 3 kinderlewens



***Een van die Fortuners wat in die voorval betrokke was***

'n Grusame motorongeluk op die R43 naby Stanford op 1 Mei 2025 om 11:48, het die lewens van drie kinders geëis - 'n 7-jarige seun, 'n 8-jarige dogter en nog 'n 10-jarige dogter wat opslag dood is. “Dit was 'n grusame toneel om te aanskou,” het AdjOff Booysen van Stanford SAPD gesê. Die ongeluk, asook foto's, is reeds wyd en syd op sosiale media versprei, maar Gans-Berg Nuus het met AdjOff Booysen gesels om seker te maak die feite is korrek.

‚n 'Taxi', met twee volwassenes (bestuurder plus nog 'n volwassene), was met 13 skoolkinders vanaf Gansbaai na Hermanus oppad. Na verneem word sou die kinders 'n NGO-projek bywoon. Dit het gereën en die pad was baie nat en glad. Na bewering het die 'taxi'-bestuurder beheer oor sy voertuig verloor, gegly en teen 'n aankomende Fortuner gebots. Die 'taxi' het gerol en teen nog 'n Fortuner gebots, voordat dit in 'n sloot langs die pad beland het, met van die kinders wat in die proses uitgeval het.

“Van die ander kinders is ernstig beseer, met een vrou wat uit die



***Die 'taxi' (kombi) word verwyder.***

wrak gesny moes word, maar mediese personeel, ambulanse en die SAPD was vinnig op die toneel,” het AdjOff Booysen gesê. Die R43 was daarna vir etlike ure gesluit en die verkeer moes aanvanklik van die R326 (Papiesvlei-grondpad) gebruik maak. As gevolg van die reën, wat die grondpad baie gevaarlik vir die hoeveelheid voertuie gemaak het, is motorbestuurders ernstig versoek om van die alternatiewe roete via Napier / Bredasdorp gebruik te maak.

Bronagh Hammond, woordvoerder van die Wes-Kaapse Onderwys Departement (WKOD), het gesê hulle sal berading aan die skool beskikbaar stel sodra die leerlinge terugkeer van die vakansie af. Die Departement het ook sy medelye met alle betrokkenes en families betuig.

AdjOff Booysen het gesê 'n Saak van Strafbare Manslag word ondersoek.

(*Foto's is verskaf*)

**Hardus Botha**



***Die ongelukstoneel.***

# Public invited to comment on Environmental Report for De Kelders Development

Residents are invited to take part in the environmental authorisation process for the proposed Khoisan Baai Development in De Kelders, located to the west of the R43 between Gansbaai and Stanford.

Lornay Environmental Consulting, acting on behalf of the property owner, has released the Pre-Application Draft Scoping Report in accordance with the National Environmental Management Act (NEMA) and Environmental Impact Assessment (EIA) Regulations. Interested and Affected Parties are encouraged to register and submit their comments during the official public participation period, which runs from 9 April to 23 May 2025.

**The proposed development includes:**
**118 Residential Zone 1 erven (each 623m²); **Two group housing nodes with 175 erven (each 410m²); **Two town housing nodes with 179 erven (each 314m²); **One Local Business Zone erf (5 783m²); **One Community Zone erf for institutional use (2 417m²); **Public and private open spaces; **Public and private road infrastructure.

While the municipal land use approval for the Khoisan Baai Development remains valid and is not open to further public participation, the environmental authorisation previously granted has lapsed and is now subject to a new public participation process. Lornay Environmental Consulting has been appointed by the property owner to manage this process and obtain fresh environmental authorisation from the provincial Department of Environmental Affairs and Development Planning.

The original land use application was submitted by Plan Active Town and Regional Planners and underwent an extensive public participation process in June and July 2012, including registered notices, public advertisements in the Gansbaai Courant, the Government Gazette, and on the municipal website. The Mayoral Committee approved the development on 26 August 2015, and no appeals were received at the time.

To register or provide comments, contact Lornay Environmental Consulting, for the attention of Michelle Naylor, on 083 245 6556 or via email at michelle@lornay.co.za. The draft scoping report is available for download at www.lornay.co.za or can be requested directly. Members of the public are encouraged to get in touch before the 23 May deadline.

**Issued by:**
**Overstrand Municipal Manager, Dean O'Neill**

HAVE A STORY YOU WANT TO SHARE: Hardus:082 786 0494 / info2@gansberg.co.za

# 1ste verjaarsdag vir GGAP-projek




***5 van die baie GGAP-kunstenaars: Louise Swart, Toni Boshoff, Laurette Nel, Antjie Shone en Gary Nagel.***

"Ons GGAP-projek (*Gorgeous Gansbaai Arts Project*), met ons *Gawie Gansie* logo, het op 12 April 2025 ons eerste verjaarsdag gevier," vertel Laurette Nel. "Op Saterdag 19 April 2025 het ons die geleentheid saam met Seeff en Gansbaai Toerisme met 'n 'pop-up' markie en uitstalling, stalletjies en speletjies vir die kinders gevier."

Gedurende die afgelope jaar het die op-en-wakker groep van GGAP 14 muurskilderye op besigheidsgeboue se mure geskilder om ons dorp te verfraai. 'n Paar lelike mure moes eers gepleister en geverf word, onder andere by Bed Shop en Lekker Bek. Foto-omhulsels is ook laat druk vir die planthouers in Hoofstraat. Grootbos het sementpotte, asook plante en bome aan GGAP geskenk. "Ons sê baie dankie vir Hennie Bothma en sy span, asook vir Grootbos vir die plante wat nog moet kom en in die leë potte geplant moet word," sê Laurette. "Die lamppale in Hoofstraat het ook nuwe, vrolike kleure gekry." Tans is die groep besig met nog nuwe muurskilderye in Hoofstraat, by Gansbaai Hawe, asook by die Great White House in Kleinbaai. Verbygangers kan gerus vir 'n oomblikkie daar stilstaan om dankie te sê en die dames aan te moedig!



Die GGAP-span het hulle opregte dank en waardering uitgespreek vir al die ondersteuning en donasies vir die verf, asook skenkings aan die kunstenaars wat hulle vanuit die gemeenskap ontvang. Hulle het reeds 'n vol program vir die jaar wat voorlê - skole, Masakhane en Blompark is ook betrokke.

"Dankie aan al die wonderlike 'Nasiebouers', soos ons ons ondersteuners noem, met die Gans-Berg Nuus ingesluit, wat ons ondersteun en bystaan met ons 'Mooimaak-projek' om ons dorp, Gansbaai, so pragtig te kan versier," het Laurette haar onderhoud met die Gans-Berg Nuus afgesluit. Almal word bedank, maar wat van 'n Groot Dankie en 'Bravo' aan hierdie groep kunstenaars wat, vrywilliglik, soveel moeite (en harde werk in die son!) doen om van Gansbaai 'n prag-dorp te maak. Gaan loer gerus op GGAP se webtuiste: https://xplorio.com/gansbaai/gorgeous-gansbaai-arts-project/en/blog/123840/19-april-2025-a-glorious-day-for-ggap/

**Hardus Botha**






## OVERSTRAND MUNICIPALITY

Applications are hereby invited from qualified persons to be appointed in the under mentioned vacancy:

### MANAGER: ELECTRICAL

**Directorate:** Infrastructure Services
**Department:** Electrical Operations & Maintenance Overstrand East
**Reference number:** WC0320974
**Basic salary:**
- R659 088 p.a.
- Non-pensionable scarce skills allowance (15% of gross Salary pro rata payable monthly)
- Essential Vehicle Allowance
- Cell Phone Allowance

**Employment type:** Permanent
**Place of Work:** Gansbaai


**Requirements:** • A relevant National Diploma in Engineering and Registration as Pr Eng Techni (Professional Engineering Technician) • Computer literacy: MS Office • A valid Code B or EB driver's license with no vehicle restrictions • Eight (8) years' relevant experience post registration • National Certificate in Municipal Financial Management as prescribed in Regulation 493, 15 June 2007 of MFMA • Communication skills in at least two (2) of the three (3) official languages of the Western Cape.

**To view detailed advertisement with all relevant information for the above vacancy please visit Overstrand Municipality's website at: www.overstrand.gov.za**

**For any enquiries in this regard, please contact Mr Stephen Muller on 028 313 8019**

**Closing date: 19 May 2025**

DGI O'Neill
**Municipal Manager / Munisipale Bestuurder / Umphathi Kamasipala**
P.O. Box / Posbus / Ibhokisi yePosi 20 HERMANUS 7200
Notice No /Kennisgewing nr / Inombolo yesaziso: 88/2025


## Contact us to advertise:

Michelle:
078 010 8286
michelle@gansberg.co.za

Saskia:
068 697 9945
saskia@gansberg.co.za





## Have a story you want to share:

Hardus:
082 786 0494
info2@gansberg.co.za


# Agri Wes-Kaap verwelkom lewenslange vonnis na Velddrif-dubbelmoord



*Die vermoorde Pierre en Belinda de Kock. (Foto: Facebook)*

"Agri Wes-Kaap spreek sy waardering uit teenoor die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) en die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) vir hul uitstekende werk in die ondersoek en vervolging van die moorde op Pierre en Belinda de Kock van die Aurora-omgewing naby Piketberg op Sondag 4 Junie 2023," het Jannie Strydom, Agri Wes-Kaap CEO, gesê.

Media-inligting dui daarop dat die egpaar die voorafgaande Vrydag laas gesien, waarna hulle liggame onderskeidelik in die huis en motorhuis gevind is. Belinda was in hulle kamer, met haar keel wat afgesny is. Pierre is in die motorhuis met 'n steekwond in sy nek gevind. Volgens die NVG het die regter bevind dat Phindile Pone die misdade vooraf beplan het en met voorbedagte rade uitgevoer het. Hy is twee keer tot lewenslange gevangenisstraf vir die moorde opgelê, asook 'n verdere 30 jaar op twee aanklagte van roof en die oortreding van die immigrasiewet.

"Agri Wes-Kaap verwelkom die lewenslange tronkstraf wat aan die beskuldigde opgelê is. Hierdie vonnis stuur 'n sterk boodskap uit dat grusame geweld in landelike gebiede nie sonder gevolge sal wees nie," het Jannie Strydom gesê. Hy het bygevoeg dat Agri Wes-Kaap verbind bly tot die bevordering van veiligheid in landelike gebiede en moedig gemeenskappe aan om misdaad saam met wetstoepassers te beveg.

**Jongboer van die Jaar**
Rojeanne de Wet, Skakelbeampte: Agri Wes-Kaap, het laat weet dat kennis nou reeds geneem kan word dat die Agri Wes-Kaap Santam Jongboer van die Jaar tydens 'n Galadinee op Woensdag, 11 Junie 2025 aangekondig sal word. "Hierdie geleentheid is altyd 'n hoogtepunt op ons kalender - 'n viering van jeug, toewyding en die toekoms van ons landbou," het Rojeanne gesê.
Datum: 11 Junie 2025; Tyd: 18:00; Plek: Ashanti Estate, Paarl; Drag formeel. Hou die Gans-Berg Nuus dop vir die formele uitnodiging wat uitgestuur sal word.

**Hardus Botha**

## Emergency Numbers:

| | |
|---|---|
| Gansbaai Municipality: | 028 384 8300 |
| Overstrand Municipality: | 24hour control room 028 313 8111 / 028 313 8000 / 028 313 8013 |
| Law Enforcement: | 028 313 8996 / 028 313 8111 |
| Disaster Risk Management: | 028 313 8980 / 028 312 2400 / 028 313 8122 |
| Fire Department: | 028 313 8980 / 028 312 2400 |
| Marine & Coastal Management: | 028 313 2703 |
| Ambulans Service Toll free number: | 10177 |
| 1LifeRescue: | Mark Robson - 082 414 9335<br>0861 13 13 11 |
| CMC Critical Medical Care: | 066 222 7219 |
| Gansbaai Police Station: | 028 384 0201 / 10111 |
| OMR Community Medix | 078 699 6995 |




## Your Neighbourhood Watch is here for you

De Kelders NHW: Mark Robson - 082 414 9335
Franskraal NHW: Lizzy - 081 419 0180
Franskraal Afriforum NHW: Robbie Nelson - 083 455 0946
Gansbaai NHW: Hugh-Daniel Grobler - 072 352 7776
Kleinbaai NHW: Anthony Melly - 079 523 8478
Pearly Beach NHW: Christa Binedell - 072 731 8972
Pearly Beach Resort NHW: Maggie Coetzee - 083 245 1207
Perlemoenbaai NHW: Johan Pieterse - 072 749 1510
BaardskeerdersBos Plaaswag: Flippie Groenewald - 072 413 9718
Masakhane NHW: Mziwenkosi (Magic) Ngewu - 071 355 3555
Blompark/Beverly Hills: Pastor Ivan Cornelius - 076 504 6744 / 082 472 0877

NEIGHBOURHOOD WATCH

# Medical 911

CMC CRITICAL MEDICAL CARE
MEDICAL EMERGENCY
028 0010 544
PRIVATE AMBULANCE
HERMANUS | GANSBAAI | CALEDON | OVERBERG

Gansbaai
ARRIE NEL
APTEEKGROEP
028 384 0637

Overstrand Medical Response
More Than Just EMS
078 699 6995
Private Ambulance Service
info@omrmedics.co.za

1 LIFE RESCUE
1 Life Rescue
Mark Robson: 082 414 9335


## OVERSTRAND MUNICIPALITY

### INFORMATION STATEMENT

Notice is hereby given in terms of section 46(3)(a)(i) and (ii) of the Local Government: Municipal Finance Management Act (Act no. 56 of 2003), read in conjunction with section 21A of the Municipal Systems Act (No. 32 of 2000), that the Overstrand Municipality hereby makes public an information statement setting out particulars of proposed long-term debt to the total amount of R225 million for the 2025, 2026 and 2027 financial years.

Purpose: R225 000 000 – Overstrand Infrastructure relating to Electricity, Water, Sewage and Waste Management projects. The drawdown on the facility is intended to be in three tranches of R65 000 000, R90 000 000 and R70 000 000 per annum, respectively.

The debt will be unsecured.

Comments and representations, in writing, on any matters mentioned in this notice must reach the undermentioned by **Friday, 30 May 2025**. (For attention: BA King at bking@overstrand.gov.za)

Persons who are unable to write will be assisted during office hours at the various municipal offices by the public liaison officers, to transcribe their comments or representations.

## OVERSTRAND-MUNISIPALITEIT

### INLIGTINGSVERKLARING

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 46(3)(a)(i) en (ii) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur (Wet Nr. 56 van 2003), saamgelees met artikel 21A van die Munisipale Stelselswet (Wet Nr. 32 van 2000), dat Munisipaliteit Overstrand hiermee 'n inligtingsverklaring bekend maak met besonderhede van beoogde langtermynskuld ten bedrae van R225 miljoen, ten opsigte van die 2025, 2026 and 2027 finansiële jare.

Fasiliteit: R225 000 000 – Overstrand infrastruktuur ten opsigte van Elektrisiteit, Water, Riool en Afvalbestuur projekte. Die opneem van die fasiliteit is bedoel om in drie trekkings van R65 000 000, R90 000 000 en R70 000 000 per jaar onderskeidelik, te geskied.

Die skuld sal onverseker wees.

Skriftelike kommentaar en vertoë insake enige aangeleenthede in hierdie kennisgewing vermeld moet die ondergemelde teen **Vrydag, 30 Mei 2025**, bereik. (Vir aandag: BA King by bking@overstrand.gov.za)

Persone wie nie kan skryf nie, sal gedurende kantoorure by die onderskeie Munisipale kantore deur die openbare skakelbeamptes van hulp wees om hul kommentare of vertoë op skrif te stel.

## UMASIPALA WASE-OVERSTRAND

### UKONGEZELELWA NGEMALI MBOLEKO

Isaziso sinikezelwa ngokwemigaqo yecandelo 46(3)(a)(i) kunye (ii) woRhulumente weNgingqi: uMthetho woLawulo lweMali kaMasipala (uMthetho wama-56 ka-2003), ofundwe ngokuhambisana necandelo 21A loMthetho weNkqubo zikaMasipala (uMthetho wama-32 ka-2000), ukuba uMasipala wase-Overstrand wazisa umphakathi ngolwazi olunika inkcazelo emalunga netyala lexesha elide elicetywayo elixabisa ezingama-R225, ngokohlahlo lwabiwo-mali oluphunyeziweyo luka-2025 kunye neminyaka ebonisayo 2026 no-2027.

Injongo: i-R225 000 000 – Iziseko Zophuhliso zase-Overstrand ezinxulumene neeProjekthi zoMbane, zaManzi, uGutyulo kunye noLawulo lweNkunkuma. Ukutsalwa kolu ncedo kujongwe ukuba kube kwizindu ezithathu zama-R65 000 000, ama-R90 000 000 kunye nama-R70 000 000 ngonyaka ngokulandelelanayo.

Ityala liya kuba linga khuselekanga.

Izimvo/amagqabantshintshi mawabhalwe athunyelwe kulo ungezantsi (ukuba iqwalaselwe ngu BA King apha: bking@overstrand.gov.za) ngolweSihlanu, umhla we **30 Meyi 2025**.

Abantu abangakwaziyo ukubhala baya kuncediswa ngexesha lee-ofisi kwiiofisi zikamasipala ezahlukeneyo, ukubhala izimvo zabo okanye izicelo zabo.

DGI O'Neill
**Municipal Manager / Munisipale Bestuurder / Umphathi Kamasipala**
P.O. Box / Posbus / Ibhokisi yePosi 20 HERMANUS 7200

Notice No /Kennisgewing nr / Inombolo yesaziso: 091/2025

153492

## OVERSTRAND MUNICIPALITY

### 3rd ADJUSTMENTS BUDGET 2024/25: ADJUSTMENTS BUDGET AND REVISED SERVICE DELIVERY AND BUDGET IMPLEMENTATION PLAN (SDBIP) FOR 2024/25

Notice is hereby given in terms of section 21A of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) that the Council approved the 3rd Adjustments Budget for 2024/25 on 30 April 2025 in terms of section 28(2)(b) & (g) of the Local Government: Municipal Finance Management Act, 2003 (MFMA).

The documents will be available for perusal during office hours at the offices of the Public Liaison Managers in Gansbaai/Stanford, Hermanus and Kleinmond, in all Overstrand public libraries, the Corporate Head Office in Hermanus and on the website at www.overstrand.gov.za under Documents/Budget, from **7 May 2025**.

## OVERSTRAND-MUNISIPALITEIT

### 3de AANSUIWERINGSBEGROTING 2024/25: AANSUIWERINGS-BEGROTING EN HERSIENE DIENSLEWERING EN BEGROTINGS-IMPLEMENTERINGSPLAN (DBIP) VIR 2024/25

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 21A van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) dat die Raad die 3de Aansuiwerings-begroting vir 2024/25, ingevolge artikel 28(2)(b) & (g) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003), op 30 April 2025 goedgekeur het.

Die dokumente is gedurende kantoorure ter insae beskikbaar by die kantore van die Openbare Skakelbestuurders in Gansbaai/Stanford, Hermanus en Kleinmond, in alle openbare biblioteke in die Overstrand, die Korporatiewe Hoofkantoor in Hermanus en op die webwerf by www.overstrand.gov.za onder Documents/Budget, vanaf **7 Mei 2025**.

## UMASIPALA WASE-OVERSTRAND

### UHLENGAHLENGISO LWESITHATHU (3rd) LOHLAHLO LWABIWO-MALI LUKA-2024/25: UHLENGAHLENGISO LOHLAHLO LWABIWO-MALI KUNYE NOKUHANJISWA KWEENKONZO OKUHLAZIYIWEYO KUNYE NESICWANGCISO SOKUPHUNYEZWA KOHLAHLO LWABIWO-MALI (SDBIP) KA-2024/25

Esi sisaziso ngokweCandelo 21A loRhulumente weNgingqi: uMthetho weeNkqubo zikaMasipala, 2000 (uMthetho 32 ka-2000) sokuba iBhunga liphumeze uhlengahlengiso loHlahlo lwabiwo-mali lwesiThathu lowama-2024/25 ngomhla we 30 April 2025 ngokomthetho 28(2)(b) & (g) kunye loMthetho woRhulumente weNgingqi: uMthetho woLawulo lweMali kaMasipala, ka-2003 (MFMA).

Amaxwebhu aza kufumaneka ngexesha lomsebenzi ukuba abantu bawafunde kwii-ofisi zaBaphathi boNxibelelwano noLuntu e-Gansbaai/Stanford, e-Hermanus nase-Kleinmond, kuzo zonke iilayibrari zoluntu e-Overstrand, ku-Ndlunkulu e-Hermanus nakwi-webhusayithi www.overstrand.gov.za phantsi kwamaxwebhu emicimbi ephambili/ibhajethi Documents/Budget ukususela ngomhla wama-**7 Meyi 2025**.

DGI O'Neill
**Municipal Manager / Munisipale Bestuurder / Umphathi Kamasipala**
P.O. Box / Posbus / Ibhokisi yePosi 20 HERMANUS 7200

Notice No /Kennisgewing nr / Inombolo yesaziso: 090/2025

153493

# BRAIN TEASERS / KOPKRAPPERS




| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 3 | | | | 7 | | 8 | | 5 |
| 5 | | 6 | | | | 3 | | |
| | 8 | | | 4 | | | | |
| | | | 6 | | | | | 4 |
| | 7 | | 5 | 2 | | | | |
| 8 | | | | 1 | | | 9 | |
| | | 3 | 1 | | 8 | 4 | | |
| | | | | | | | 5 | |
| | 4 | | | | | 9 | | |

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| S | Y | L | A | E | Y | C | N | E | G | R | E | M | E | P | G | M |
| E | H | I | G | H | L | A | N | D | E | R | T | Z | L | A | C | A |
| C | L | W | O | W | B | Y | G | O | S | N | P | I | N | R | P | J |
| E | H | L | E | T | O | H | P | Y | Y | R | V | O | V | T | E | O |
| C | Y | I | E | L | Q | H | U | R | O | R | I | B | R | Y | D | R |
| I | E | T | C | N | O | G | S | F | E | T | R | I | L | O | I | D |
| V | L | Q | O | A | E | U | I | Y | A | M | N | A | F | F | H | A |
| I | L | P | O | S | G | L | G | N | B | T | O | V | H | F | W | D |
| M | A | L | I | C | E | O | N | R | I | S | F | G | H | I | A | R |
| A | V | W | H | R | Y | E | H | N | A | Q | O | S | L | V | R | I |
| I | G | A | X | O | I | O | T | O | F | N | A | C | W | E | Y | V |
| M | I | C | P | L | D | I | U | J | P | M | T | R | E | Q | V | F |
| X | B | T | A | A | N | C | H | E | Y | E | N | N | E | H | D | I |
| E | O | S | N | O | O | P | S | R | E | V | L | I | S | I | T | Y |

- ALICE -ALIEN NATION -BIG VALLEY -CHEYENNE -CHICAGO HOPE -ELLEN
-EMERGENCY -GOMER PYLE -HARRY O -HIGHLANDER -HOTEL
-LOU GRANT -MAJOR DAD -MASH -MIAMI VICE -PARTY OF FIVE -PROFILER
-RAWHIDE -RHODA -RIN TIN TIN -SILVER SPOONS -THE COSBY SHOW
-WISEGUY

## ANSWERS

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 9 | 2 | 7 | 1 | 5 | 8 | 4 | 6 | 3 |
| 3 | 1 | 6 | 9 | 4 | 7 | 8 | 2 | 5 |
| 4 | 8 | 5 | 2 | 3 | 6 | 7 | 9 | 1 |
| 1 | 4 | 3 | 7 | 2 | 5 | 9 | 8 | 6 |
| 2 | 5 | 8 | 3 | 6 | 9 | 1 | 7 | 4 |
| 6 | 7 | 9 | 8 | 1 | 4 | 3 | 5 | 2 |
| 5 | 9 | 1 | 4 | 7 | 2 | 6 | 3 | 8 |
| 7 | 6 | 4 | 5 | 8 | 3 | 2 | 1 | 9 |
| 8 | 3 | 2 | 6 | 9 | 1 | 5 | 4 | 7 |

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| H | E | E | H | A | W | Y | M | P | F | O | D | T | D | Z | O | E |
| R | F | S | N | W | V | P | D | R | M | T | F | E | O | H | T | K |
| S | T | U | N | H | R | S | E | O | H | A | H | K | W | A | A | O |
| T | W | H | L | S | O | I | A | E | O | C | V | R | B | Z | R | M |
| R | I | B | G | L | S | J | W | J | T | D | O | E | M | E | Z | S |
| U | N | G | P | A | H | A | R | I | L | T | Y | M | R | L | A | N |
| O | P | Z | R | V | L | O | W | A | C | Z | X | D | B | I | N | U |
| C | E | F | H | T | U | E | U | O | E | N | X | I | W | H | C | G |
| T | A | W | O | X | B | G | D | S | L | D | C | C | N | O | L | K |
| H | K | N | Q | H | H | Q | Y | W | E | T | P | O | O | N | H | I |
| G | S | Y | L | I | M | A | F | S | M | A | D | D | A | H | A | D |
| I | O | G | N | T | X | C | H | I | N | A | B | E | A | C | H | M |
| N | A | M | T | A | B | Y | L | P | L | X | I | L | A | P | H | N |
| Y | N | N | A | N | E | H | T | O | R | O | S | E | A | N | N | E |

# Weather Forecast / Weer Voorspelling

| Friday 09/05/2025 | Saturday 10/05/2025 | Sunday 11/05/2025 | Monday 12/05/2025 | Tuesday 13/05/2025 | Wednesday 14/05/2025 |
|---|---|---|---|---|---|
| 16° | 16° | 16° | 16° | 20° | 21° |
| Gentle Breeze 4 m/s from west 0 mm precipitation. | Strong Breeze 13 m/s from west 5.4 mm precipitation. | Gentle Breeze 5 m/s from west 0.5 mm precipitation. | Light Breeze 2 m/s from west 0 mm precipitation. | Gentle Breeze 4 m/s from south-east 0 mm precipitation. | Light Breeze 3m/s from south 0 mm precipitation. |

# Getytafels / Tide Tables

| Dag / Day | High | High | Low | Low |
|---|---|---|---|---|
| 09 May | 1350 | 0154 | 0743 | 1943 |
| 10 May | 1419 | 0200 | 0810 | 2013 |
| 11 May | 0223 | 1448 | 0837 | 2041 |
| 12 May | 0251 | 1518 | 0904 | 2109 |
| 13 May | 0319 | 1547 | 0931 | 2139 |
| 14 May | 0347 | 1617 | 1000 | 2209 |
| 15 May | 0417 | 1650 | 1030 | 2243 |
| 16 May | 0451 | 1726 | 1104 | 2323 |
| 17 May | 0529 | 1809 | 1142 | 0012 |
| 18 May | 0617 | 1902 | 1230 | 0118 |
| 19 May | 0720 | 2009 | 1334 | 0200 |
| 20 May | 0841 | 2125 | 0242 | 1454 |
| 21 May | 1008 | 2238 | 0407 | 1615 |
| 22 May | 1122 | 2341 | 0516 | 1722 |

# CLASSIFIEDS

**CNC Sweis & Staal**

* Stainless steel
* Ballustrading
* Diefwering
* Veiligheidshekke
* Skuifhekke
* Traliewerk
* Sleepwaens
* Palisade Heinings

Jannie Cronje cncstaal@omail.co.za
082 371 7283

**Replace WOODEN/STEEL Frames with ALUMINIUM**

Anglo Windows
new for old
we open windows for you
*Average home completed in one day*

Hilton Hitge
084 558 1902
*info@anglowindows.co.za*

WINDOWS, FOLDING DOORS, STOEP ENCLOSURES, SLIDING DOORS, ECT

## Te Koop

'*Off Cuts*' word gebruik vir tuinpaadjies, beddings, onder die wasgoedlyn en paadjie na jou heining om met buurman te gesels. **028 384 0480**



## Maintenance Man

*Noem dit en ons doen dit!*



**Kontak Deon: 076 838 2890**

## VIBRACRETE MURE
### Gansbaai Precast

* Vervangings en Verhogings
* 1.8m Nuwe Mure teen R680 per meter
* GRATIS Kwotasies

10 Jaar waarborg op materiaal (Prys net vir Gansbaai Area) Ons diens dek die hele Overberg

**Johan Cronjé: 028 384 0480 / 082 923 4204**

**Technokil**
State Registered Pest Control Services

- INDUSTRIAL & COMMERCIAL PEST CONTROL
- BEETLE INSPECTIONS
- TIMBER TREATMENTS
- FUMIGATIONS
- FRIENDLY PERSONAL SERVICE



Free Quotations
Riaan van Niekerk
082 878 7093

## BOSMAN VERWERS

Kontak ons vir 'n kwotasie vir verf van Huise binne/ buite/ houtwerk of dak



Hennie & Elana Bosman


082 570 0907 / 082 533 3580

**HULP MET VUURWAPENLISENSIES**

Riaan Booysen: 074 203 6658
riaanbooysen@webmail.co.za

## KLEINMOND SKRYNWERKERS

Ingeboude Slaapkamer en Kombuiskaste ens.
Ben-Louis Fourie: 083 330 8049
Fax: 086 266 1160
Email: kleinmondskrynwerke@live.co.za



**GANSBAAI PROPERTIES**

028 384 1197 082 378 9955
www.gansbaaiproperty.co.za
*We hold the key to your property*

**DO YOU FEEL LIKE YOUR DROWNING?**

EVERY WEDNESDAY @ 19:00

GANSBAAI FAMILY CHURCH, BUITEKANT STREET

UNITY SERVICE RECOVERY
ALCOHOLICS ANONYMOUS

**THERE IS HELP...**

060 597 5419
078 307 7783




# Toeka se Afrikaanse Idiome, Spreekwoorde en Segswyses

Die Gans-Berg Nuus het 'n geskrif oor 'Afrikaanse Idiome, Spreekwoorde en Segswyses' opgespoor - dit is in 1975, sowat 50 jaar gelede, saamgestel en die skrywers daarvan verwys in die Voorwoord na hulself bloot as 'Die Samestellers'. Die geskrif beslaan bykans 130 A5 bladsye - byna 'n idiome Woordeboek in die kleine (van 'A' tot 'W'). "Ons het lank na 'n boek uitgekyk met Afrikaanse Idiome wat sou voorsien aan 'n dringende behoefte in ons skole," skryf 'Die Samestellers'. "Ons kon egter niks vind nie en het die 'stoute skoene' aangetrek en self een saamgestel."

Gans-berg Nuus het dit goed gedink, met Afrikaans se 100ste verjaarsdagviering op 8 Mei 2025 (sien berig in hierdie uitgawe), om op 'n weeklikse basis van hierdie kosbare herinneringe aan ons lesers deur te gee (hoofsaaklik net relatief onbekendes, die res word oorgeslaan) - hou dus ons weeklikse koerant dop vir hierdie interessante (humoristiese!) uitdrukkings, waarvan sommiges bekend is en ander weer onbekend is. In die volgende uitwage sal daar meer wees. Ons lesers, veral die ouer garde en onderwysers van die sewentigerjare, is welkom om kommentaar aan 082 786 0494 via WhatsApp te stuur, of stuur 'n epos aan info2@gansberg.co.za. Ons hoor graag van julle.

**Kom ons kyk net na 'n paar:**

**Hy het a gesê en sal ook b moet sê*: hy al moet voortgaan, soos hy begin het.
**So glad soos 'n aal (paling)*: iemand wat altyd 'n uitweg kry; op wie mens nooit 'n vat kry nie.
**Altyd op dieselfde aambeeld slaan*: altyd op dieselfde saak terugkom; altyd oor dieselfde onderwerp praat.
**Aan wees*: dronk wees - Die man is hoog aan.
**By 'n dame aanklam(p)*: 'n dame se hart probeer wen.
**Iemand met die nek aansien*: hom met minagting behandel.
**Iemand aapstert gee*: hom onder die sambok steek.
**Sy aartappels nie tweekeer skil nie*: wat hy gesê het, nie herhaal nie.
**Sy lyf aasvoël hou*: net op etenstyd êrens aankom en dadelik na ete weer vertrek.
**In Abraham se skoot sit*: in 'n genoeglike toestand verkeer; 'n aangename, rustige lewe lei.
**Die Achilles-hiel van 'n saak*: die kwesbare punt.
**'n Huis vir afbraak verkoop*: om dit te lat afbreek.
**'n Akkeltjie maak*: iets besonder knap doen.

**Hardus Botha**

# Closure of Nedbank Accounts

Overstrand Municipality will officially close all of its Nedbank accounts on 30 June 2025, marking the final step in its transition to ABSA as its official banking service provider.

This change follows the appointment of ABSA Bank (Branch code: 632005 / Swift code: ABSAZAJJ) last year in line with legislation requiring municipalities to renew their banking services contracts every five years.

Until the next tender process, all municipal payments must be made to one of the four designated ABSA Bank accounts:
Primary Account,
Traffic Fines,
Account Payments or
Onrus Caravan Park.

For the details of these accounts, go to https://www.overstrand.gov.za/pay-and-purchase-2/
Residents and businesses are urged to double-check the account name when making payments, as some ratepayers have mistakenly paid Overberg District Municipality (ODM) instead of Overstrand Municipality.

**Issued by:**
**Overstrand Municipal Manager, Dean O'Neill**

**CONTACT US TO ADVERTISE:** Saskia:068 697 9945 saskia@gansberg.co.za

# Dinah-Lee sing haar hart uit in Harbour on Deck


*Dinah-Lee Jane Visser.*

Die jong sangeres, Dinah-Lee Jane Visser, of beter bekend as net Dinah-Lee, het haar eerste opgeneemde liedjie tydens 'n geselligheid by *Harbour on Deck* van Junior (Pieter) en Bronwyn van der Westhuizen bekendgestel. '*Ek is dogter, vriend, suster en Lover off all beautiful and poetic*', som Dinah-Lee haarself op haar Facebook-blad op, met haar debuutliedjies waarna op *Spotify* en *Youtube* geluister kan word.

Enkele gaste het sommer vroeg-vroeg al opgedaag om seker te maak hulle kry sitplek, met 'n paar tafels wat reeds 'bespreek'-bordjies opgehad het.  Die dekgedeelte is netjies versier, waar Dinah-Lee ontspanne en gesellig saam met die gaste gesit en kuier het voordat sy met haar optrede begin het.

Dinah-Lee het haar plek agter die mikrofoon met haar kitaar ingeneem, met 'n pragtige, helderkleurige materiaal-behangels teen die venster - met die son wat besig was om oor Gansbaai Hawe te sak.  Daar is tot laataand toe gekuier en na Dinah-Lee  geluister. (*Foto's: Marlie du Toit*)


***Junior (Pieter) en Bronwyn van der Westhuizen, eienaars van Harbour on Deck.***

**Hardus Botha**

**HAVE A STORY YOU WANT TO SHARE:**
Hardus:
082 786 0494
info2@gansberg.co.za






# FINE & COUNTRY

fineandcountry.com

## GANSBAAI R 1 190 000



DUAL MANDATE: Spacious 2-bedroom, 2-bathroom apartment centrally located.

**MADELINE - 084 243 0717**

## PEARLY BEACH R 2 850 000



Modern Elegance Meets Coastal Living. Stylish four-bedroom home with panoramic sea views.

**BERNICE - 084 951 7700**

## KLEINBAAI R 2 995 000



SDual living, Ample Space, stunning views & privacy - A Renovator's Dream!

**MIENIE - 072 350 5737**

## FRANSKRAAL R 2 999 000



Modern home boasting Magnificent Mountain views

**DANIËL - 072 117 3473**

## FRANSKRAAL R 4 410 000



Excellent Investment.
Five Self-Catering Units under one roof

**MARIKI - 072 589 5722**

## OORWEEG JY VERANDERING?

Kontak enige van ons Ervare Agente indien jy jou Droomhuis wil vind of 'n *gratis* waardering benodig om jou eiendom te verkoop.

F&C

fineandcountry.com™

Fine and Country Gansbaai

26 Fabriek Street, Gansbaai / 028 007 0358

gansbaai@fineandcountry.com

# BARC nog vol lewe




**Links is Michelle van Zyl, eienaar Gans-Berg Nuus, by BARC se blikkieskuddag.**

Die Birkenhead Animal Rescue Centre (BARC) is steeds voluit aan die gang danksy hulle getroue ondersteuners met 'n voorliefde vir diere - al gaan dit soms maar aan die skraps kant! Vir kennisname aan nuwe intrekkers, en besoekers, BARC se hoofdoel is die versorging van mishandelde en verwaarloosde diere. Die wat siek is word deur 'n veearts behandel en hulle word weer versorg tot hulle vir aanneming opgegee kan word.

BARC Non Profit Trust is gestig gedurende Junie 2009, na 'n publieke vergadering. Intussen is BARC as 'n Trust onder die naam *BARC Dieresorg Trust NPO t/a BARC Animal Welfare Gansbaai* gestig; SARS verwysingsnommer 1297/471/17/7; is 'n NPO (*Non Profit Organisation*), No. 187-051; is 'n PBO (*Public Beneficiary Organisation*), No. 930064524. In die geval van die PBO-registrasie, is BARC by magte om belastingvrye kwitansies uit te reik wat vir alle donasies by SARS deur die donateur aftrekbaar is. BARC se ouditeure is die Villet-groep in Gansbaai.

Die BARC Winkel is in die C-Sig gebou op die hoek van Dirkie Uys- en Markstraat geleë en is sowat 16 jaar gelede geopen om vir bykomende fondse te sorg. Enige items, soos klere, toerustings, ornamente en wat ookal nie meer tuis benodig word nie, kan daar ingehandig word. Winkel-ure: Weeksdae 8:30 -17:00 en Saterdae 8:30 -13:00.

BARC se netjiese, elektroniese Nuusbrief, met Marna Beets wat dit saamstel, is onlangs weer elektronies versprei. Diereliefhebbers en BARC-ondersteuners kan op hierdie wyse van verskeie projekte en insiggewende inligting kennis neem. Kontak gerus die Bestuurder, Annalie Jonker, indien jy die elektroniese BARC Nuusbrief wil ontvang.

Dis nog vroeg in die jaar, maar gholfspelers kan nou reeds kennis neem van BARC se gewilde en jaarlikse BARC-Gholfdag op 6





**Links is Trusteelid, Vera Swart saam met 'n 'under cover' BARC-ondersteuner, Melinda Wessels.**

Desember 2025, met baie en groot pryse wat gewen kan word.

Vir diereprobleme, of die aanneem van diere, kan Nols Jonas by 083 742 3903 geskakel word. Vir enige navrae en/of donasies, kan BARC se Bestuurder, Annalie Jonker, by 082 826 0631 geskakel word, of stuur 'n epos aan haar by barc.animalwelfare@gmail.co..

**Hardus Botha**








# Grootbos

**The Conservation Team (Grootbos Foundation) shared their passion for their work and their knowledge with learners from Constantia Waldorf last weekend. Full immersion into the fynbos landscape for youths still at school has the potential to change lives, shape career pathways and turn future generations into conservation ambassadors.**
**Grootbos Foundation**



**Gielie Genade het hierdie enorme patat by sy bure, Fred en Teresa Conradie, uitgehaal. Fred kan weens sy gesondheid nie meer in die tuin werk nie en vra toe of Gielie en Willem Stoman die patats, wat daar uitgekom het, sal kom uithaal. Hulle kry toe hierdie enorme patat - 10.8 kg!**
**Hardus Botha**

# Gansbaai Gholfklub



**Brodie Ligaspan wen en Baklei Ligaspan gelykop**

Gansbaai Brodie Ligaspan wen Hermanus 4/2 en Gansbaai Baklei Ligaspan speel gelykop met 1.5 elk teen Bonnievale - knapgedaan!

**Woensdag, 30 April:**
Leon Lombaard wen die Sloegters Enkel Stableford kompetisie met 38 punte, gevolg deur Daan Victor 38, Anton Jordaan 37, Stephen Brown 35, Jacques Louw 33, Cobus Dippenaar 33, Solly Wessels 33, Johan Coetzee 32, Callie Lourens 30 en Marietjie de Villiers 27.

**Vrydag, 2 Mei:**
Uitslag is onder arbitrasie.

**Saterdag, 3 Mei:**
Solly Wessels wen die Houspel kompetisie met 69 net, gevolg deur Joe Cesare 71, Clive Bailey 72, Dirk van Dyk 74, Wally van Coller 77, Neil Harrison 78, Rene Myburgh 78, Charlie Bent 79, Berty Sassman 79 en Hugo Groenewald 79.
Naaste aan die pen op no 11: Berty Sassman (geel bof) en Charlie Bent (rooi bof).
Elmar Venter teken 'n Spog Twee aan op putjie no 2.

**Vrydag, 2 Mei:**
Liga Dag vir Gansbaai Gholfklub -

Gansbaai Brodie Ligaspan wen vir Hermanus 4/2. Die span was Willem Germishuys, Pieter Loubser (Kapt), Francois van der Merwe, Corrie Avenant, Andre Hage en Melvin Tobias.

Gansbaai Baklei Ligaspan speel gelyk met 1.5 elk op Bonnievale. Die span was Bertie Laubscher, Rene Lambrecht, Jacques Louw, Bev Swart (Kapt), Gavin Flint en Nico Jones.
Ons wens albei hierdie spanne geluk – knap gedaan!

**Saterdag, 10 Mei:**
Kompetisie is 'n Enkel Stableford.


**Saterdag, 17 Mei:**
Energy Fund Fundraising Gholfdag en die formaat is 'n 2Ball American Scramble.

**Verjaarsdae:**
Chris Steyn 9de, Melvin Tobias 9de, Johan Pieterse 11de en Faan Havenga 14de.

**Groete,**
**Johan Coetzee 082 878 0534**



*Leon Lombaard.*



*Solly Wessels.*



*Gansbaai Brodie Ligaspan - wenners.*



*Baklei Ligaspan - gelykop.*

Gans Berg Nuus/News
Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford




Sport

# LSG Skaak

Op Saterdag, 3 Mei, het die Gansie-skaakspelers (Laerskool Gansbaai) aan die Brave Knights Skaaktoernooi te Robertson deelgeneem. Hulle het uitstekende sportmangees getoon en die volgende resultate behaal:
Onder 9: 1ste Lihan Lourens; 2de Quade Crafford; 3de Rossouw Coetzer; 5de Leroux Coetzer; 9de Isabelle de Villiers; 11de CJ Fourie.
Isabelle de Villiers is aangewys as die beste onder 9-dogter vir die dag.
Onder 11: 1ste Hanro Coetzer; 3de Anneke du Preez.
Anneke du Preez is aangewys as die beste onder 11-dogter vir die dag.
Onder 13: 3de Alet du Preez
Gans-Berg Nuus wens hierdie knap LSG-Skaakspelers baie geluk met hul pragtige prestasies.

Hardus Botha











# Scouts

Jan-Dawid du Plessis, links op die groepfoto, is 'n lid van die 1ste Hermanus Scouts-span. Sy span het die naweek van 3 Mei 2025 vir die UPTON SHIELD te Stellenbosch meegeding en het 'n algehele 7de plek uit 64 patrollies gekry - knapgedaan en baie geluk aan Jan-Dawid van Laerskool Gansbaai.

Hardus Botha

OK Foods GANSBAAI
WINKELURE
Maan - Sat
07:00 - 19:00
Sondag
MYLAND BILTONG
OK Liquor
Mon - Fri
08:00 - 19:00
Saturday
08:00 - 19:00
Sunday
08:00 - 15:00